**Die pasga en die fees van die ongesuurde brood (OP168)**

**Eks 11:1-12:14**

**31 Maart 2024**

Laasweek het ons stil gestaan by die eerste 9 plae. Ons het eerstens besin oor wat die doel van die Here met die plae was – dit was sodat die farao die Here sou leer ken as die enigste, almagtige Here wat in die land was om hom te besoek en te konfronteer. Die doel met die besoek was dat dit aanleiding sou gee dat die Naam van die Here oor die hele aarde verkondig sou word. Daarna het ons besin oor die hardheid van die farao se hart: Ons het gesien die feit dat sy hart hard was, beteken dat sy hart onsensitief, hardkoppig en onversetlik was. Sy hart sluit sy verstand, sy emosies asook sy wil in – dus sy ganse menswees. Ons het ook gesien dit was beide die Here asook die farao self wat sy hart verhard het. Die Here was in beheer van die verhardingsproses – Hy het dit vooruit aangekondig en dit ook gebruik om daardeur Sy almag bekend te maak en sodoende agting af te dwing. Die Here het egter nooit die farao gedwing om hard te wees nie, Hy het bloot die farao toegelaat om homself te wees – dit het aanleiding gegee daartoe dat die farao telkens teen die wil van die Here opgetree het, en so het die farao sy eie hart verhard, t.s.v. die talle geleenthede wat die Here beskik het sodat hy hom kon bekeer. Weereens moet ons raaksien dat die Here dit alles gebruik om in die eerste plek Homself aan ons bekend te maak.

Vandag wil ek stilstaan by die instelling van die pasga, soos beskryf in Eks 11 en 12. Ek wil dit bespreek aan die hand van die volgende hoofpunte: (1)Die konteks waarbinne die pasga ingestel is (Eks 11:1-10), (2) Die instruksies van die Here rakende die pasga (Eks 12:1-14), (3) Die fees van die ongesuurde brood (Eks 12:15-20), (4) Die betekenis van die pasga en die fees van die ongesuurde brood, en (5) Die oorgang van die pasga na die nagmaal.

<u>Die konteks waarbinne die pasga ingestel is (Eks 11:1-10)</u>

Na die eerste 9 plae waarna ons laasweek gekyk het, kondig die Here in Eks 11:1 aan dat Hy nog een plaag oor die farao en Egipte gaan bring, daarna sal die farao nie net die volk laat gaan nie, hy gaan hulle selfs wegjaag. Boonop sal die volk selfs die geleentheid hê om silwer en goue voorwerpe van die Egiptenare te eis (v2).

In verse 4-8 lees ons die detail van die tiende plaag: Teen middernag gaan die Here deur Egipte beweeg. En dan gaan die Here die eersgeborenes in Egipte tref deurdat hulle gaan sterf. Dit gaan al die eersgeborenes in Egipte tref: van die eersgeborene van die farao tot die eersgeborene van 'n slavin agter die maalklippe, insluitend selfs die eersgeborenes van die vee van die Egiptenare. Natuurlik sal dit aanleiding gee tot 'n geskreeu en 'n getreur in die land. Hierdie plaag sal weereens nie die Israeliete tref nie – selfs nie eens hulle diere nie – en so sal dit duidelik word dat die Here onderskeid maak tussen Egipte en Israel. Hierdie plaag sal so erg wees dat die farao se amptenare daarna na Moses sal kom en vra dat hy en die volk uit Egipte moet trek. Hierdie aankondiging van die tiende plaag, is die konteks waarbinne die Here die pasga instel.

Motyer merk op dat daar 'n paar verskille is tussen die eerste nege plae en hierdie tiende plaag:

- Waar die eerste nege plae nie suksesvol was om die farao te oortuig dat hy die volk moet laat trek nie, het die Here hier opnuut bevestig die tiende plaag sal dit wel tot gevolg hê. Trouens, die Here het hierdie plaag reeds in Eks 4:23 aangekondig, en dit het daar al geblyk dat hierdie plaag die gewensde uitwerking sal hê.
- In verskeie van die eerste nege plas was daar simboliese handelinge wat Moses en Aäron moes uitvoer – byvoorbeeld Aäron het die water in die Nylrivier geslaan met die eerste

plaag, hy moes ook sy staf uitsteek oor die riviere, kanale en vleilande tydens die tweede plaag toe paddas die land oordek het, en tydens die derde plaag moes hy met sy staf op die grond slaan sodat daar muggies gekom het. Maar met die tiende plaag was daar geen so 'n handeling van Moses en Aäron nie – hierdie plaag is direk deur die Here self bewerk – dit is Hy wat teen middernag deur Egipte gaan beweeg.

- Sedert die vierde plaag is daar telkens gemeld dat die Gosenstreek nie getref is tydens die spesifieke plae nie. Maar hierdie uitsondering is bloot aangekondig – daar was nie 'n handeling wat die volk moes uitvoer om nie getref te word nie. Maar met die tiende plaag was dit anders: die volk moes die bloed van die paaslam aan die deurkosyne smeer om die plaag vry te spring.

Die instruksies van die Here rakende die pasga (Eks 12:1-14)

In Eks 12:11 lees ons "Dit is die Pasga van die Here", en die konteks bevestig dit: Dit was die Here wat aan Moses en Aäron die instruksies en voorskrifte rakende die pasga gegee het. Netsoos dit die Here was wat destyds die besnydenis ingestel het, netso is dit die Here wat die pasga instel. Die pasga sou met verloop van tyd een van die gereelde jaarlikse feeste word wat die volk moes vier. Weereens openbaar die Here baie oor Homself in die pasga – die pasga gedenk die Here se getrouheid aan Sy belofte om die volk te verlos, dit gedenk die ontferming van die Here oor Sy volk, dit gedenk Sy regverdigheid as Hy die farao en die Egiptenare straf, en dit gedenk ook Sy krag soos gedemonstreer in die tiende plaag.

Kom ons som die detail instruksies oor hoe die volk die pasga moes vier, op:

- Die Here het die tyd waarop dit gevier moes word gespesifiseer: Dit moes in die maand gevier word waarin die gebeure van die dood van die eersgeborenes plaasgevind het. Daardie maand moes voortaan die eerste maand van die jaar wees – dit is die maand Abib of Nisan (v2). Hulle moes reeds op die 10de dag van die maand 'n paaslam uitsoek (v3), maar die pasga self is eers op die 14de dag van die maand gevier (v6)
- Die Here het spesifieke vereistes gegee waaraan die paaslam moes voldoen: Dit moes 'n jaaroud ramlam wees. Dit kon 'n skaap of 'n boklam wees. En dit moes sonder gebrek wees (v5). As dit geblyk het dat 'n gesin te klein was om 'n volledige lam te eet, kon hulle saam met hulle naaste bure 'n lam deel. Hulle moes dan die lam deel in verhouding tot die getal mense in elke gesin (v4).
- Die Here het die prosedure waarvolgens die pasga gevier moes word, voorgeskryf: Die lam moes geslag word op die 14de dag van die maand teen laatmiddag (v6). Die bloed van die paaslam moes gesmeer word aan die sykante en bokant van die deurkosyne van die huise waarin hulle die paaslam sou eet (v7). Hulle moes die karkas van die dier dan braai oor vuur, hulle mog dit nie rou eet nie, en hulle mog dit ook nie in water kook nie (v8-9). Daarna moes hulle dit eet gedurende daardie nag – saam met ongesuurde brood en bitter kruie (v8). Hulle mog niks laat oorbly tot die volgende more nie – wat ookal oorgebly het moes verbrand word (v10). Hulle moes dit eet met hulle heupe omgord, hulle sandale aan hulle voete, en hulle wandelstokke in hulle hande – hulle moes dus gereed wees om te vertrek. Ons lees ook hulle moes dit haastig eet – hier was dringendheid (v11).

Terwyl die volk daardie nag besig sou wees om die pasga te vier, het die Here onderneem Hy sou dan deur Egipte beweeg. Hy sou sodoende al die eersgeborenes van die Egiptenaars tref – beide die eersgeborenes van die mense asook van die diere. Die oordele van die Here sou selfs ook die gode van Egipte tref (v12). Aan die einde van vers 12 lees ons: "Ek is die Here". Onthou, ons het laasweek

gesien die doel met die plae was dat die farao en die Egiptenare die Here sou leer ken as die enigste, almagtige Here. Wel, die tiende plaag sou hulle oortuig dat die Here werklik hierdie Here is.

Maar soos wat die Here deur Egipte beweeg, sou Hy oplet of daar bloed aan die deurkosyne van 'n huis was. As die Here die bloed sou sien, dan sou Hy by daardie huis verbygaan, en die eersgeborenes van daardie huis sou nie sterf nie (v13). Sien jy die prentjie? Party huise se deurkosyne het nie bloed nie – dan sterf die eersgeborenes in daardie huis. Party huise se deurkosyne het wel bloed van die paaslam wat reeds geslag is – binne-in die huis is daar nie dood nie, trouens die mense vier fees, hulle eet die paaslam, en hulle is gereed om te trek.

Vers 14 verduidelik dat hierdie dag waarop hulle die pasga vier, 'n herinneringsdag moes wees vir al hulle geslagte, waarop hulle die fees ter ere van die Here moes vier. Dit het 'n jaarlikse feesdag geword waarop die volk hulle verlossing deur die Here uit Egipte gedenk het. Volgens verse 26-27 was die vier van die pasga ook 'n instrument waardeur die kinders onderrig moes word om die werk van die Here in die lewe van die volk te verstaan.

<u>Die fees van die ongesuurde brood (Eks 12:15-20)</u>

Lees Eks 12:15-20. Die viering van die pasga het hand aan hand geloop met die viering van die fees van die ongesuurde brood. Die instelling van hierdie fees word in Eks 12:15-20 beskryf. Ek som dit kortliks op:

- Hierdie fees was 'n sewe dae lange fees. Dit het begin op die 14de dag van die eerste maand, m.a.w. dit het begin op dieselfde dag as wat die pasga gevier is, en dit het aangehou tot op die 21ste dag van die eerste maand.
- Gedurende hierdie sewe dae mog hulle nie brood met suurdeeg eet nie – slegs ongesuurde brood. Hulle moes al die suurdeeg uit hulle huise verwyder het voor die 14de dag van die maand.
- Op beide die eerste en die sewende dae van die fees, moes daar 'n gewyde byeenkoms wees waarop geen werk gedoen mog word nie, behalwe die voorbereiding van hulle etes.
- Die doel van hierdie fees was om te gedenk hoe die Here hulle leërafdelings uit Egipte gelei het (v17).

In Eks 12:39 lees ons dan ook dat nadat die volk uit Egipte getrek het, het hulle ongesuurde roosterkoeke gebak met deeg wat hulle uit Egipte saamgeneem het. Daar was nie tyd om die brood in te suur nie. Die fees van die ongesuurde brood het dus herinner aan hoe hulle ongesuurde brood geëet het na die uittog – daarom volg die fees van die ongesuurde brood direk na die pasga.

<u>Die betekenis van die pasga en die fees van die ongesuurde brood.</u>

Om die betekenis van die pasga behoorlik te verstaan, is dit belangrik om te onthou dat ons hier, soos in die res van die Ou Testament, openbaringsgeskiedenis het waardeur die Here aan ons groot waarhede wat deel is van Sy ewige verlossingsplan, op 'n sigbare en tasbare manier wil verduidelik en demonstreer. Om die betekenis hiervan behoorlik te begryp, beteken dit dus dat ons ook die Nuwe Testamentiese interpretasie hiervan in gedagte moet hou.

1 Kor 5:7-8 is 'n sleutelvers om die pasga behoorlik te begryp. Lees dit. In hierdie gedeelte is Paulus besig om die Korintiërs ernstig aan te spreek oor sondes wat in die gemeente voorgekom het. Die eerste ding wat ons opval is dat vers 7b sê: Christus is ons Pasgalam, oftewel Hy is ons Paaslam. En boonop is Hy ook geslag, soos wat die volk die paaslam moes slag. Die slag van die paaslam daardie nag van die uittog uit Egipte, was dus 'n Ou Testamentiese tipe, oftewel 'n sigbare verduideliking, van die Here Jesus wat geslag is toe Hy aan die kruis gesterf het.

Maar Paulus sê ook dat die gelowiges in Korinte inderdaad ongesuurde brood is (v7). Hy dring by hulle aan dat hulle die ou suurdeeg uit hulle midde moet verwyder, sodat hulle nuwe deeg, ongesuurde deeg, kan wees. In vers 8 beskryf hy waarna die suurdeeg verwys: kwaad en boosheid. Hy beskryf ook waarna ongesuurde brood verwys: opregtheid en waarheid. Let nou op Paulus se argument: Hy sê: Want, of omdat, Christus is geslag (is) as die Paaslam, laat ons daarom feesvier, nie met ou suurdeeg (kwaad en boosheid) nie, maar met ongesuurde brood (opregtheid en waarheid). Omdat Jesus gesterf het, is daar rede om fees te vier – maar dit is 'n fees met ongesuurde brood, dit is 'n fees waar die feesgangers hulle weerhou van kwaad en boosheid, en hulle beywer vir opregtheid en waarheid.

Kom ons voeg hierby wat ons lees in Heb 11:28: "Deur geloof het hy (i.e. Moses) die pasga ingestel en die bloed laat aansmeer, sodat die doodsengel nie aan hulle eersgeborenes sou raak nie". Die instelling van die pasga was vir Moses 'n geloofsdaad. Soos ons gesien het, het die Here aan Moses en Aäron die voorskrifte gegee vir die viering van die pasga. Dink daaraan: Die Here beloof om die eersgeborenes van Egipte te tref met die dood, maar Hy beloof ook om die volk se eersgeborenes te spaar as hulle die voorskrifte vir die pasga nakom. Moses het toe inderdaad die voorskrifte aan die volk oorgedra (Eks 12 :21 en verder). Hebreërs sê dit was 'n geloofsdaad – Moses het die Here geglo. Boonop lees ons in Eks 12:28: "Die Israeliete het gegaan en dit gedoen. Soos die Here Moses en Aäron beveel het, het hulle gemaak". Die volk was dus ook gehoorsaam, hulle het ook die Here geglo. Hulle gehoorsaamheid was ook 'n geloofsdaad.

Kom ons dink nou weer oor die pasga en die fees van die ongesuurde brood: Die volk het eers die paaslam geslag, en die bloed aan die deurkosyn gesmeer. Ons weet nou dit was 'n geloofsdaad, hulle het geglo dat die bloed van die paaslam hulle eersgeborenes sou spaar. Nadat hulle in geloof die paaslam geslag het en die bloed aan die deurkosyne gesmeer het – toe vier hulle fees: eers eet hulle die paaslam saam met ongesuurde brood en bitter kruie. Buite hulle huise is die Here besig met Sy oordeel oor die kwaad en die boosheid, oor die suurdeeg van Egipte. Maar die volk is binne hulle huis, agter die deurkosyn met die bloed, daar vier hulle fees deur die paaslam en ongesuurde brood te eet. En daarna trek hulle uit Egipte en eet steeds ongesuurde brood. Sien jy die prentjie van hoe die Here verlos? Hy stuur Sy Seun as die Paaslam. Hy moet geslag word. Dit is diegene wat in Hom glo, diegene wat glo Hy kan hulle beskerm teen die oordeel van die Here, diegene wat in geloof deur die deur met die bloed aan die deurkosyne gaan, wat die oordeel van die Here teen die boosheid vryspring. Sien jy die prentjie van regverdigmaking deur geloof in Jesus Christus? Wat doen hierdie mense, die gelowiges, terwyl die oordeel van die Here buite woed? Hulle vier fees – hulle eet die paaslam met ongesuurde brood! En wanneer hulle later uit Egipte trek, eet hulle steeds ongesuurde brood. Sien jy die prentjie van heiligmaking wat volg op regverdigmaking? Gelowiges verwyder die suurdeeg (d.w.s. die kwaad en boosheid) uit hulle midde, en vier fees met ongesuurde brood – hulle verlustig hulle in opregtheid en waarheid.

Onthou hoe ons sedert die 4de plaag gesien het die volk was gespaar van die plae wat die Egiptenare getref het, maar dit was net met die tiende plaag dat hulle iets moes doen om te voorkom dat hulle eersgeborenes ook sterf. Die Here leer ons daardeur dat geloof in die Paaslam nodig is om van die oordeel van die Here vry te kom.

Let ook op: sedert die 4de plaag het die Here telkens nie die Israeliete getref nie – sonder dat daar enige spesifieke handeling van die Israeliete verwag was. Al was daar geen teken wat die volk onderskei het van die Egiptenare nie, kon die Here onderskei wie 'n Israeliet en wie 'n Egiptenaar is. Maar met die 10de plaag was die aansmeer van die bloed nodig om die eersgeborenes te spaar. Hoekom? Kon die Here nie nou meer onderskei nie? Natuurlik nie. Let op wat die Here in Eks 12:13 sê: "Wanneer Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan". Wat die Here wil leer, is dat dit die bloed

van die paaslam is wat die oordeel van die Here wegwys. Dit is alleen as iemand in die Here Jesus skuil, dat hy die oordeel van die Here sal ontkom. Hierdie bewaring word vir die gelowige 'n realiteit wanneer hy in geloof die bloed van die paaslam aan die deurkosyne smeer, en dan deur die deur ingaan. Dan word hy geregverdig, en ook dan begin die pad van heiligmaking om die suurdeeg uit sy lewe te verwyder.

Verstaan jy hoekom die pasga in die eerste maand van die jaar gevier moes word? Want wat die pasga uitbeeld, is die begin van 'n nuwe lewe. Nie meer 'n lewe as 'n slaaf in Egipte nie, maar 'n nuwe lewe as verloste uit Egipte en op pad na die beloofde land. Nie meer 'n slaaf in die sonde nie, maar 'n lewe as 'n gelowige wat aan Jesus se offer vashou, en stry teen die kwaad en boosheid, op pad na die volle vervulling van 'n lewe in volmaaktheid by die Here.

Kom ons blaai na 1 Pet 1:18-19. Hier lees ons dat gelowiges losgekoop is. Ons is losgekoop van 'n sinlose bestaan – ons is losgekoop van kwaad en boosheid wat andersins sou uitloop op die Here se oordeel – soos wat Egipte daardie nag getref het. Maar ons is nie losgekoop met iets vergankliks soos silwer of goud nie – nee, ons is losgekoop met die kosbare bloed van Christus – Hy wat soos 'n lam is, vlekloos en sonder liggamsgebrek. Nou word dit duidelik hoekom die paaslam vir die viering van die pasga 'n lam sonder gebrek moes wees – want dit het gewys na Christus, wat self vlekloos was – daar was geen kwaad of boosheid in Hom nie. Trouens, daar mog nie enige kwaad of boosheid in Hom wees as Hy ons Paaslam wou wees nie. Onthou jy hoe die volk destyds die paaslam alreeds op die 10de dag van die eerste maand moes kies, maar hom eers op die 14de dag van die maand geslag het? Hoekom moes die lam vir vier dae veilige gehou word voor dit geslag is? Sodat hulle seker kon maak hierdie lam is inderdaad sonder liggaamsgebrek, hy is inderdaad perfek om as paaslam geslag te word. Verstaan jy hoekom Jesus vir meer as 30 jaar hier op aarde kom lewe het? Hy moes duidelik maak Hy kwalifiseer as die perfekte Paaslam. Hy moes demonstreer Hy kan die versoekinge van die duiwel effektief weerstaan (Mat 4), Hy moes demonstreer Hy is absoluut gehoorsaam aan Sy Vader, Hy moes demonstreer daar is geen kwaad of boosheid in Hom nie. En eers daarna kon Hy as ons Paaslam geslag word.

Verstaan jy hoekom daar soveel klem geplaas is tydens die pasga dat gesinne 'n paaslam moes deel as hulle op hulle eie te min was om die hele paaslam te eet? Want die bloed van die paaslam is kosbaar! Dit is kosbaarder as goud of silwer. So ook die vleis van die paaslam. Dit moet alles gebruik word om die wat die pasga vier, te voed – daar mag niks oorbly nie. En wat ook al oorbly, moes verbrand word – dit is kosbaar, en mag vir niks anders gebruik word as om die pasga-feesgangers te voed nie!

Ons het gelees dat die volk die pasga haastig moes eet met hulle heupe omgord, hulle sandale aan hulle voete en hulle wandelstokke in hulle hande. Dit was 'n aanduiding dat hulle gereed moes wees om uit Egipte te vertrek. Sodra die oproep sou kom om te trek, moes hulle gereed wees. En dit is natuurlik ook waar van gelowiges: Alhoewel ons geregverdig word die oomblik wat ons glo – d.w.s. die oomblik wat ons deur die bloedbesmeerde deur binnekom, is dit nie einde van die pad nie. Trouens, dit is net die begin. Hierna volg die trek uit die slawehuis van Egipte op pad na die beloofde land. En soos ons weet was hierdie pad 'n lang pad, wat baie worsteling ingehou het. Dit was 'n woestyntog van 40 jaar. Maar die volk moes gereed wees om met haastigheid die pad aan te pak. So moet gelowiges ook verstaan hulle moet gereed wees om hierdie stryd van heiligmaking aan te pak.

Kom ons dink ook oor die fokus op die eersgeborenes. Ons lees dat die eersgeborenes van die Egiptenare gesterf het, terwyl die eersgeborenes van die volk gespaar is. Wel, eintlik moet ons sê: die hele volk is gespaar – hulle is immers almal uit Egipte verlos, nie net die eersgeborenes nie. Dit lyk na 'n teenstrydigheid, is dit nie? Die eersgeborenes van Egipte sterf, terwyl die eersgeborenes

van die volk asook die res van die volk gespaar word. Kyk na Eks 4:22b-23. Die Here het hier vir Moses gesê hy moet vir die farao sê: "My eersgebore seun is Israel. Ek het vir jou gesê, 'Laat My seun gaan, sodat hy My kan dien.' Maar jy het geweier om hom te laat gaan. Kyk, Ek gaan jou eersgebore seun om die lewe bring." Die punt om raak te sien is dat die Here die hele volk Israel as Sy eersgeborene sien. Die ekwivalent van die farao se eersgeborene is vir die Here die hele volk Israel. Daarom spaar Hy die hele volk, maar tref net die eersgeborenes van die Egiptenare. Maar daar is nog 'n punt om raak te sien: Onthou, in elke Egiptiese huis was daar 'n sterfgeval – die eersgeborene wat gesterf het. Maar in elke Israelietiese huis was daar ook 'n sterfgeval – die paaslam. En soos ons gesien het – die paaslam was 'n tipe van die Here Jesus. En natuurlik was die Here Jesus die Here se Eniggebore seun.

Daar is natuurlik meer plekke in die Nuwe Testament wat na Jesus verwys as die Lam wat geslag is. Ek verwys maar net na 'n paar. Dink byvoorbeeld aan:

- Joh 1:29 waar Johannes die Doper aankondig: "Kyk die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"
- Luk 22:15-16. Hier word die instelling van die nagmaal beskryf juis tydens die viering van die pasga deur Jesus saam met Sy dissipels. Hy sê vir hulle: "Ek het van harte begeer om hierdie pasga saam met julle te eet voordat Ek ly. Want Ek sê vir julle, Ek sal dit beslis nie weer eet totdat dit vervul is in die koninkryk van God nie". Ons kan ten minste uit hierdie verse aflei dat Jesus die vervulling is van die pasga.
- Op 5:5-6. Hier sien Johannes daardie heerlike hemelse troonvisioen. Jesus was ook daar – Hy het tussen die troon en die lewende wesens en die ouderlinge gestaan. Johannes beskryf Hom as die Lam wat geslag is.

<u>Die oorgang van die pasga na die nagmaal</u>

Natuurlik vier ons nie meer die pasga nie. Soos wat ons destyds gesien het toe ons na die besnydenis gekyk het, het die besnydenis met die koms van die nuwe verbond oorgegaan in die doop. 'n Groot deel van die betekenis van die besnydenis en die doop stem ooreen: beide tekens dui op lidmaatskap van die verbondsgemeenskap, en beide tekens dui op die noodsaak dat die sondige natuur aangespreek moet word. Maar die betekenis van die besnydenis wat vooruit gewys het na die koms van die Een wat die nuwe verbond sou inlyf, het verbygegaan met die koms van die Here Jesus. Daarom het die besnydenis oorgegaan in die doop. Netso is daar ook 'n verandering in die pasga wat plaasgevind het met Jesus se koms.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Here Jesus juis tydens die viering van die paasfees gekruisig is. Dit was dan ook juis tydens die viering van die ete vir die pasga dat Jesus die nagmaal ingestel het (Luk 22:14-20). Die nagmaal bevat nie meer die slag van 'n paaslam nie. Die rede hiervoor is natuurlik omdat Jesus intussen juis as Paaslam geslag is. Dit was 'n eenmalige gebeurtenis wat in die Ou Testament nog in die toekoms gelê het, maar in die Nuwe Testament is dit natuurlik reeds 'n historiese werklikheid. Omdat Sy eenmalige offer voldoende is om vir al ons sonde versoening te doen, hoef geen verdere bloed te vloei nie. Die ander element van die pasga was dat die volk die paaslam moes eet. Dit is steeds nodig in die Nuwe Testament. Daarom eet ons brood en drink wyn – wat wys na die liggaam en bloed van die Here Jesus, wat die ware Paaslam is. Soos wat die pasga 'n fees was wat gevier is omdat die volk tydens die oordeel van die Here oorgeslaan is, so is die nagmaal ook steeds 'n fees wat gevier word omdat gelowiges ook nie langer onder die oordeel van die Here is nie. Soos wat die pasga beperk was tot diegene wat deur die bloedbesmeerde deurkosyn ingekom het, so is die nagmaal ook beperk om net deur gelowiges gevier te word. Paulus waarsku dringend in 1 Kor 11:29 dat as iemand aan die nagmaal sou deelneem sonder om die liggaam van

Jesus te onderskei, d.w.s. sonder om te verstaan hoe kosbaar die offer van die Here Jesus was, so iemand is besig om ‘n oordeel oor homself te eet en drink – soos wat die Egiptenare getref het. Netsoos die pasga ‘n herinneringsdag was, so is die nagmaal ook steeds ‘n herinneringsmaaltyd.

Die nagmaal is ‘n genademiddel wat die Here vir ons gegee het waardeur Hy ons geloof wil voed en versterk op ‘n sigbare en tasbare manier. Laat ons dan met groot verantwoordelikheid ook hierdie middel gebruik om steeds herinner te word aan die heerlike verlossing wat die Here vir ons bewerk het.

Ek hoop dit is duidelik hoeveel betekenis daar in die pasga opgesluit was. Mag dit elkeen van ons help om ‘n groter waardering te hê vir die heerlike verlossing wat die Here vir ons bewerk.